LAERSKOOL MIKRO

… waar kind nog kind kan wees …

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579

8/2022

8 Maart 2022

Geagte Ouers

1. UIT DIE KANTOOR

Om 'n waarde-gedrewe skool te wees, verg 'n bewuste poging van alle betrokkenes om gesonde waardes by ons kinders tuis te bring. Almal (ouers, alle personeel en kinders) moet poog om elke maand se waarde wat ons aan die leerders bekend stel, uit te leef.

Maart-maand se waarde is STIPTELIKHEID. Dit is die dissipline om betyds te wees om pligte uit te voer bv. sportoefeninge, huiswerk, take en enige ander afsprake. As ons as volwassenes nie die voorbeeld stel nie, sal ons 'n generasie van "laatkommers" grootmaak. Kom ons wys respek vir almal rondom ons en wees 'n stiptelike Mikro-familie.

Heelwat van ons leerders het die afgelope tyd mooi prestasies op buitemuurse gebied behaal. Ons is trots op elkeen en is dankbaar dat ons kinders weer aan alles kan deelneem.

Mag ons almal hierdie week 'n voorbeeld van STIPTELIKHEID wees.

2. LAERSKOOL MIKRO NASORG

Die volgende nasorgpersoneel is aangestel en sal op 5 April 2022 by ons nasorg begin werk:

Christel Whitebooi	:	Nasorghoof en gr. 5-7 Toesighouer
Elaine Slima	:	Nasorgskoonmaker
Marcelle Swart	:	Toesighouer gr. R-2
Lize Viljoen	:	Toesighouer gr. 3 en 4

Ons verwelkom hulle as deel van die Mikro-familie.

3. MIKRO PRETLOOP: 19 MAART 2022

MIKRO LIFESTYLE CHALLENGE PRETLOOP (Sien kleurpamflette wat u kind vandag gaan ontvang) Kom geniet die pragtige natuurskoon van ons eie Zevenwacht Landgoed saam met u hele gesin!!! Skryf in vir die Pretloop en ontvang `n geskiedkundige Fees 50 – pretloopmedalje sodra u die 5 km voltooi het. U mag die 5 km stap of hardloop.

Sodra u inskrywing gedoen is, staan u `n kans om `n prys tydens `n gelukkige trekking te wen!! Indien u die afskeurstrokie invul en dus **deur die skool inskryf**, staan u `n kans om `n Lifestyle Challenge T-hemp ter waarde van R450 te wen.

Zevenwacht bied ook heerlike piekniekmandjies na die pretloop te koop aan. Andersins kan u `n heerlike ontbyt saam met u gesin by die restaurant geniet!!

Maak van hierdie dag die perfekte gesinsuitstappie en voeg so onskatbare waarde tot u gesinslewe toe!!!

4. ELTO-TOWERS AANBIEDING / KOMPETISIE

Ondersteun Mikro deur u Elto-kaartjie te "swipe"!! U kind se klas staan `n kans om wonderlike pryse te wen!!! Van lekkernye tot klasuitstappies!! Wees op die uitkyk vir produkte wat as bonuspunte tel!!! Uself kry ook punte op u kaart en kry sodoende afslag met u volgende aankope.

Elke **"SWIPE"** by een van Elto-Towers se vyf entiteite (OK FOODS/LIQUOR, KROONPLAAS, PATRIOT COFFEE, CARESSO en CALTEX) tel as 'n punt vir jou kind se klas! Elto-Towers het reeds die

kaarthouers met 'n spesifieke kind in klasverband verbind. Al wat u moet doen is "SWIPE". Indien u nie oor 'n Mikro Elto Towers-kaart beskik nie, kontak gerus die skool (021-903 2126) of per e-pos (info@laerskoolmikro.co.za)

Wees op die uitkyk vir produkte wat as bonuspunte tel.
Bonuspunt-produkte vir kwartaal 1.

Enige Woodlands en First Choice Produk.

5. GR. R – 7 INDIVIDUELE OUERBESOEKE: WOENSDAG, 23 MAART 2022

Alle ouers het op bogenoemde datum die geleentheid om die skolastiese vordering van hul kind/kinders met die betrokke opvoeder/s te bespreek. Die besoek sal as volg gereël word:

- Woensdag, 23 Maart 2022 13:30 – 17:30 en 18:00 – 20:30
- **LET WEL!** Geen afsprake tussen 17:30 – 18:00

Elke ouerpaar kry tien minute om met die betrokke opvoeder te gesels. Om ons reëlings te vergemaklik, sal ons dit waardeer as u die meegaande vormpie volledig voltooi en vóór Vrydag, 11 Maart 2022, terugstuur skool toe. Daarna kan ons geen veranderinge aan die program aanbring nie.

U afspraak sal op Maandag, 21 Maart 2022, skriftelik met u bevestig word.

- 'n 10-minute breuk tussen elke afpraak word gelaat waar u meer as een opvoeder wil spreek.
- Skryf asb. die name van alle opvoeders wat u wil spreek, neer.
- **LET WEL!** Hierdie ouerbesoek gaan gepaard met 'n kort skooldag soos op 'n Dinsdag – m.a.w. op Woensdag, 23 Maart 2022, sluit die skool om 13:00.
- Hierdie ouerbesoek fokus hoofsaaklik op 'n gesprek tussen ouer en klasopvoeder.

INDIVIDUELE OUERBESOEKE:
Woensdag, 23 Maart 2022 (13:30 - 17:30 & 18:00 - 20:30)

OUER/VOOG SE NAAM EN VAN: _____

Naam van kind (Volledig asb.)	Graad bv. 4.1	23 Maart 2022 Tyd :	Opvoeder/s (Hierdie ouerbesoek fokus hoofsaaklik op gesprek tussen ouer en klasopvoeder)

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG: _____

Stuur asb. voor / op Vrydag, 11 Maart 2022 terug skool toe.

Mag die week vir almal genotvol wees!

L.C. Mouton
SKOOLHOOF

INTERNET PROUDLY SPONSORED BY:
cooldeas
FIBRE INTERNET

VUMA

OWO – KLEREKAS

Die OWO-klerekas sal op die volgende datums en tye beskikbaar wees vir die aankoop van TWEEDEHANDSE SKOOLKLERE.

Dinsdag, 5 April 2022 vanaf 17:00 – 19:00

Skenkings kan ook asseblief op hierdie datums afgegee word.

MAAK ASB. VAN DIEDRIKKIESTRAAT-INGANG GEBRUIK.

Vir enige navrae kontak gerus vir Malanie Otto 084 359 4007

MIKRO O.W.O OUERS WAT OMGEE

Kontant Terug Persentasies

Caltex Vulstasie	10c per liter kontant terug
Kroonplaas Restaurant	2%
Patriot Koffie	5%
Caresso Karwas	5%
OK Foods/Liquor	1%

ELTO TOWERS

Tel: (021) 903 5101 : www.elto-towers.co.za

OK Foods OK Liquor
KROONPLAAS
PATRIOT COFFEE
CARESSO